# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**8166**
**Paper 1**

**Algemene indrukke**

Hierdie jaar was ʼn uitdaging op vele wyses vir elke mens en so beslis vir elke kandidaat en elke onderwyser. Nogmaals baie dankie vir elke inset en die bemoeienis wat u met die kandidate maak. Dit word raakgesien en opreg waardeer.

Die skryfstukke wat ingehandig is, is oor die algemeen bevredigend.

U moet daarop let dat taalgebruik en die aanwending van taalstrukture baie hoë prioriteit moet geniet by die aanbieding van die skryfwerk. Die inoefening van skryftekens is baie belangrik. Die skryfwerk moet taalkundig baie goed versorg word.

Om altyd in ag te neem dat daar by die skryfstukke ʼn teikengehoor teenwoordig is, is ook van kardinale belang. Indien daar nie ʼn teikengehoor in die onderwerp uitgespel word nie, kies ʼn teikengehoor waarby die skryfstuk aangepas word.

ʼn Gebrek aan woordeskat pootjie talle kandidate se skryfstukke.

Moedig asseblief die leerlinge aan om nie direkte rede te gebruik nie. Eerstens maak hulle baie foute met die gebruik daarvan en tweedens is die skryfstukke nie dialoë nie. Indien hulle dit effektief en korrek kan aanwend, is daar geen probleem nie.

Die inagneming van die tydsduur van hierdie vraestel is baie belangrik. Kandidate moet beplan. Dit verg inoefening. Dit het duidelik na vore gekom dat daar te veel tyd aan Vraag 1a en Vraag 1b bestee is. ʼn Paar kandidate kon dus nie Vraag 2 voltooi nie. Dit is baie belangrik om op die tydsfaktor van hierdie vraestel te fokus.

**AFDELING A**

**Vraag 1 (Verpligtend)**

**Jy het pas teruggekeer van ʼn uitreik (besoek) na ʼn klein dorpie êrens in Namibië. Jy was baie bewus van die mense se positiewe lewensuitkyk, maar ook van die moeilike omstandighede waaronder hulle lewe. Jy het jou indrukke en ervaringe in ʼn reisjoernaal opgeteken.**

**(a)** Skryf die reisjoernaal in ongeveer 400 woorde.

Kommentaar:
Sommige van die kandidate het die opdrag verstaan en sommige nie. Dit is duidelik dat die kandidate wat nie die opdrag verstaan het nie, dit nie geanaliseer het nie. Die kandidate moes oor hulle indrukke en ervaringe skryf.

Heelwat taalfoute het voorgekom. Moenie ophou om korrekte taalgebruik aan te moedig en in te oefen nie.

Irrelevante dele is ingevoeg by die uitreik soos die beskrywing op pad na die dorpie. Waak teen herhaling. Kandidate moet liewer ʼn dorpie kies waar hulle reeds was. Daar is genoeg klein dorpies in Namibië. Dit moet ʼn dorpie wees soos die onderwerp vereis. Fiktiewe dorpies is nie so ʼn goeie keuse nie, want die beskrywings sal nie oortuigend wees nie. Die uitreik moet ook nie ʼn sedeles wees nie. Sintuiglike waarnemings moet beskryf word.

Die joernaal word in die eerstepersoon geskryf.

Alhoewel die reisjoernaal chronologies verloop, is daar nie ʼn sterk verhalende element teenwoordig nie.

Puntetoekenning: gemiddeld tot goed

**(b)** **Skryf reflektiewe (besinnende) kommentaar op die teks en verduidelik die rol van jou taalgebruik in die gehalte van jou skryfstuk.**

Dit blyk duidelik dat die onderwysers baie aandag aan hierdie komponent gegee het. Van die kandidate het hulle baie goed van hulle taak gekwyt met die besinnende kommentaar oor hulle taalgebruik.

Dit was ʼn aangename verrassing om te lees hoe goed die kandidate hulle voorberei het. Dit is ook jammer om te rapporteer dat daar een sentrum was waar die kandidate glad nie voorbereid was op hierdie skryfstuk nie.

Die aanduiding van 200 woorde word gegee, maar kandidate sal nie gepenaliseer word indien hulle meer

woorde gebruik nie. Die tydsfaktor sal dit bepaal.

Fokus op taalgebruik, taalversorging en gereelde inoefening.

Puntetoekenning: goed

**AFDELING B**

**Vraag 2**

**Die generasiegaping word ’n al hoe groter werklikheid, veral as gevolg van tegnologiese ontwikkeling. Skryf ’n opstel oor ’n humoristiese insident wat hierdeur veroorsaak is.**

Daar is van die kandidate verwag om ’n storie te vertel waarin hulle ’n humoristiese insident moes beskryf.

Sommige van die kandidate het nie ’n analise van die opdrag gedoen nie en sodoende glad nie ’n humoristiese insident beskryf nie.

Van die skryfstukke is afgerammel en sommiges het glad nie die skryfstuk voltooi nie wat getuig dat daar nie ’n behoorlike tydsindeling gedoen is nie.

Puntetoekenning: swak tot goed

**Vraag 3**

**Daar word te veel finansiële hulpbronne gebruik om bedreigde spesies te bewaar. Skryf twee kontrasterende toesprake, (a) ten gunste van die stelling en (b) teen die stelling.**

By die beantwoording van die vraag het van die kandidate nie op bedreigde spesies gefokus nie. Dit is weereens ’n bewys dat die onderwerp nie geanaliseer is nie.

Die feitekennis om te kan argumenteer, het by sommige skryfstukke ontbreek. Argumentering vereis beslis feitekennis. Dié skryfstukke moet nie beskrywend aangebied word nie.

Skryfstukke moet vir ’n spesifieke teikengroep geskryf word.

Tyd was by sommige skryfstukke ’n probleem.

Puntetoekenning: gemiddeld tot goed

**Vraag 4**

**Die spreekwoord lui: “Geld wat stom is, maak reg wat krom is.” Skryf ’n artikel en evalueer die geldigheid van hierdie spreekwoord met betrekking tot die moderne samelewing.**

Die kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, het dit reggekry om ’n evaluerende artikel te skryf.

Eenvoudige idees is ontwikkel om die doel van die artikel te bereik. Die kandidate kon die onderwerp hanteer.

Tyd was vir sommige kandidate ’n faktor.

Puntetoekenning: gemiddeld tot goed

**Aangeheg die lys van taalfoute wat in die skryfstukke voorkom:**

Anglisismes moet vermy word: … met die gesê … of …met al hierdie gesê …
was gewees X gebruik net **was** anders beteken dit was…..was!
ek persoonlik X gebruik net **ek** anders beteken dit ek …..ek!
Vermy die woorde: daai, watse, lekker en dinge (dit sê niks)
Vermy die gebruik van aanhalingstekens indien dit nie korrek gebruik kan word nie.
Die dubbele ontkenning is belangrik.
Die infinitief word los geskryf. … om te eet …
Samestellings en samevoegings se skryfwyses moet ingeoefen word.
Engelse woorde in sinne of aanhalings is onvanpas.
Woordorde. Werkwoorde moet aan die einde van die sin staan.
Name van dorpe moet korrek gespel word. … Divundu of Grünau …
Verwarring van **eens** met **eers**. Dit het verskillende betekenisse.
Verwarring van die woorde, **verseker** en **vir seker**.
Verwarring van die uitdrukkings, **in volle gang** en **in volle swang**.

Die verskil tussen kleinkinders en klein kindertjies. Dit is gewoonlik die gebruik om na die woord ‚klein‚ in Afrikaans ’n verkleinwoord te gebruik.
Die verskil tussen **rondes** en rondtes.
Die verskil tussen **benodig** en nodig.
**Motor** is ’n beter keuse **as kar**.
Meeste mense X **Die** meeste mense
Mens X **’n** mens
Bring **bietjie** water X Bring **’n bietjie** water.
Ons gesels **oor dit**. X Ons gesels **daaroor**.
Vermy afkortings soos **bv.** en **ens.** Skryf die sin volledig.